



*Die laaste keer wat ek per Vrypos gesels het, was dit nog somer...  
nou blom die kosmose en die herfseisoen het aangebreek.  
Geniet hierdie mooi seisoen uit God se Hand en die perfekte weer  
daarmee saam, voordat die koue toeslaan...*

## 1. NUUS UIT DIE VRYSTAAT SINODE:

### EENHEID VIR BEDIENINGSBEGELEIDING:

**STANDPLAASVERWISSELING:** Ds Stephan van Heerden is die Vrystaat se kontakpersoon vir Standplaasverwisseling. Vir navrae en inligting hieroor, kontak hom gerus op 082 829 8718, of stuur 'n e-pos na [steso@telkomsa.net](mailto:steso@telkomsa.net)

**WATER LEWE FOTOKOMPETISIE:** Neem asseblief kennis van hierdie opwindende kompetisie – **let wel dat alle foto's wat ingeskryf word, slegs in die Vrystaat en Noord-Kaap afgeneem moet wees**– klik [hier](#) vir die reëls en voorwaardes van die kompetisie (sluitingsdatum is 15 Julie 2016).



Die fotokompetisie word deur die Volksblad, Fotoskool en NG Kerk Vrystaat aangebied.



**Enigiemand kan deelneem.**

Foto's moet wel net in die Vrystaat en Noord-Kaap geneem wees.

**INSKRYWINGSFOOI** • R30 per foto • 'n Onbepaalde aantal foto's kan ingeskryf word.  
[www.ngkvrystaat.co.za](http://www.ngkvrystaat.co.za) • NG KERK OVS • ABSA:Tjek – 470000406 • Takkode: 334-134  
Verw: Foto/lu naam en van • Stuur bewys van betaling aan Joanie Theron: [gemeentes@ngkvs.co.za](mailto:gemeentes@ngkvs.co.za)

**FOTO KWALITEIT & FORMAAT** • Foto's moet oorspronklik en groot genoeg vir publikasie wees. (minstens 1 MB, maar nie groter as 2 MB nie)  
• Foto's moet in RGB & JPEG wees en moet in Jpeg - formaat aangestuur word.

**SLUITINGSDATUM** • 15 Julie 2016 • Die finaliste en wenners se fotos sal in die Volksblad gepubliseer word asook uitgestal word.

**BEOORDELING** • Beoordeling vind op 22 Julie 2016 plaas deur Igno van Niekerk • Fotoskool, Conrad Bornman • Volksblad, Andreas Viljoen • AVD & Barnard Steyn • NG Kerk Vrystaat

KATEGORIE 1	KATEGORIE 2	KATEGORIE 3
<b>WONDER VAN WATER</b> <ul style="list-style-type: none"><li>• natuurskoon</li><li>• bronne (riviere, windpomp, damme ...)</li></ul>	<b>DORS NA WATER</b> <ul style="list-style-type: none"><li>• droogte &amp; besoedeling</li><li>• misbruik &amp; vermorsing</li></ul>	<b>WOEKER MET WATER</b> <ul style="list-style-type: none"><li>• slim planne &amp; patente</li><li>• waterwyse tuine</li></ul>



**WATER LEWE FOTOKOMPETISIE**

## KURATORIUM:

**LEGITIMASIEDATUM - FINALE JAAR TEOLOGIESE STUDENTE UV:** Neem asseblief kennis dat die datum vir vanjaar se Legitimasië verskuif het. Dié geleentheid vind DV **Donderdag 17 November 2016 om 18:00** plaas. Die plek waar die geleentheid plaasvind sal later vanjaar aan almal gekommunikeer word.

## SHEPHERD:

**VBO WINTERWEEK 2016:** Hierdie geleentheid vind vanaf **5 tot 7 Junie 2016** by die NG Gemeente Heuwelsig plaas – klik [hier](#) vir die program en registrasiebesonderhede.

## 2. ALGEMENE SINODE NUUS:

**ASM WIL KONFERENSIE VIR ALLE PREDIKANTE HOU:** Die Algemene Sinodale Moderamen (ASM) wil weer 'n predikantekonferensie vir al die NG Kerk se predikante hou. Die gedagte is om dit vanaf 3 - 6 April 2017 by die NG Kerk Moreletapark in Pretoria te doen. Die vorige algemene predikantekonferensie is in 2005 in Bloemfontein gehou. Die gedagte is dat dit 'n viering sal wees van die onderlinge verbondenheid, maar ook om saam oor transformasie te gesels. Die ASM wil egter so wyd as moontlik konsulteer oor die konferensie sodat predikante insette kan lewer oor hulle verwagtinge van so 'n geleentheid. Daarom het die ASM die tien sinodes gevra dat die saak in hulle beplanning in ag geneem kan word. Hoe die finansies van die konferensie gaan werk, moet nog bepaal word. Daar word ook daaraan gedink om ander kerklike personeel soos jeugwerkers te betrek en om emeritus predikante ook te nooi. Of dit gedoen kan word, sal onder meer afhang van die infrastruktuur (soos verblyf) wat beskikbaar is. Teen September wanneer die ASM weer vergader, behoort daar 'n duideliker prentjie beskikbaar te wees van wat beplan word.

*(Met erkenning aan Neels Jackson, e-Kerkbode)*

**HANDELINGE VAN ALGEMENE SINODE 2015:** Die volledige Handeling van die Algemene Sinode 2015 is op die NG Kerk se webtuiste beskikbaar, klik [hier](#) om dit af te laai/lees. Die gedrukte Handeling behoort binne die volgende drie weke beskikbaar te wees vir bestellings.

**DIE NG KERK SE DEELNAME AAN PROTES:** Dr Gustav Claassen (Algemene Sekretaris van die NG Kerk), skryf: *Die NG Kerk het die afgelope tyd, as lid van die Suid Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) en ander kerklike vennote, saam getuie gelewer rondom die politieke uitdagings in die land. Die NG Kerk word gesien as 'n belangrike rolspeler in die publieke teologiese gesprek deur die groter kerkfamilies. Verklarings wat reeds deur die SARK gemaak is, is deur die NG Kerk ondersteun en na gemeentes versprei - lees dit ook [hier](#). Die NG Kerk ondersteun dan ook die SARK in sy versoek dat die president moet afstand doen van sy pos. Lees [hier](#) verder...*

## 3. ALGEMENE/AKTUELE NUUS:

**OUDESTE KOERANT BETREE 'N NUWE FASE:** Danie Mouton (voorsitter, BM-direksie) en Pieter Fourie (Uitvoerende Hoof) skryf soos volg: Kerkbode betree 'n nuwe fase om die toegang tot kerknuus te vergemaklik. Op dié manier kan lidmate en leraars eerstehands uitvind wat in die kerkwêreld aan't gebeur is en hoe hulle nie meer op die sekulêre media daarvoor staat te maak nie... Die nuwe e-Kerkbode word 'n tweelingpublikasie van die gedrukte Kerkbode. Persone kan gratis op e-Kerkbode inteken. Besoek gerus die [tuisblad](#) van e-Kerkbode en soek aan die linkerkant van die blad na die skakel, [Tekniese inligting e-Kerkbode](#).



**VRYHEID VAN SPRAAK EN SOSIALE MEDIA:** Dit wil voorkom asof onvolwasse gespreksvoering en venynigheid net so sterk onder Christene voorkom as elders. In 'n tendensverslag van e-kerk probeer hulle om 'n bydrae te lewer tot die gesprek oor goeie, sinvolle en broodnodige deelname van Christene op internet-forums en veral sosiale media. Hoe lyk die kwaliteit van die dissipelskap in ons geledere? Interessante stof tot nadenke, sowel as voorstelle - klik [hier](#) om verslag te lees.

*(Met erkenning aan e-kerk).*

**KAROO MIGHTY MEN KONFERENSIE:** Hierdie saamtrek vind weer **vanaf 29 April tot 1 Mei 2016** in die omgewing van Middelburg (KP), plaas. Busvervoer vanaf Bloemfontein is gereël, koste beloop R700pp (vervoer, alle etes, drinkgoed en tentverblyf ingesluit). Indien jy van jou eie vervoer gebruik gaan maak, is die koste R500pp. Vir 'n registrasievorm, kontak vir Careen by 051 430 3773, of stuur e-pos aan [orders@vlpbloem.co.za](mailto:orders@vlpbloem.co.za) - vir enige navrae, kontak Charles op 083 305 8766. Besoek gerus ook die [amptelike blad](#) van KMMC.



**MISSIE JAPAN – STÉPHAN VAN DER WATT AS DOSENT INGEHULDIG:** Stéphan van der Watt is op 8 April 2016 as volytse dosent in Pastorale Teologie en Sorg by die Kobe Gereformeerde Teologiese Kweekskool ingehuldig. [Baie geluk Stéphan en gesin met hierdie groot mylpaal, seënwense toegebid.](#)



*Stéphan tydens die inhuldiging, met Tobie de Wet heel regs*

#### 4. GEMEENTENUUS:

**NG LANGENHOVENPARK SE BASAAR:** Woensdag 27 April 2016 vanaf 08:00 op die Boeremarkterrein in Langenhovenpark. Al die heerlike eet- en drinkgoed van ‘n basaar sal beskikbaar wees – die SANDF en die Veterane trekkers- en Enjinklub van Sentraal Vrystaat gaan interessante uitstallings aanbied.

#### NG STEYNSRUS:



#### NG KROONHEUWEL-NOORD, KROONSTAD:

**JANNIE MOOLMAN:** Op Vrydag 29 April 2016 om 19:00 tree hierdie bekende en gewilde sanger in die Stadskouburg op. Kaartjies @ R100pp (bespreekte plekke) kan by *Rellings* gekoop word.



**VLEISFEES 2016:** Dié geleentheid vind op Saterdag 7 Mei 2016 vanaf 10:00 plaas. Vooraf vleisbestellings kan by die kerkkantoor (Lienkie 056 2124891) geplaas word tot Maandag 25 April om 13:00. Alle vleis is minstens R10 onder plaaslike slaghuispryse. Tydens dié Feesdag kan heerlike vleissnitte en roosterkoeke (met konfynt-, wors, ‘n pattie of sosatie-vulsels, pap met lewer en suursous, asook souskluitjies, aangekoop word – kaartfasiliteite sal beskikbaar wees. Die bekende en gewilde Bloemfonteinse sanger, Urnus Human sorg die hele dag vir heerlike musiek. Vir enige navrae oor beide geleenthede, skakel ds Christo Weideman op 083 453 6681.

**NG FRANKFORT BIED AAN – POTATO PRIDE WILGE MARATHON:** Hierdie wedloop wat ook ‘n kwalifiserende resies vir die *Comrades Marathon* is, vind op Saterdag 30 April 2016 plaas. Vir al die inligting, asook inskrywingsvorm, klik [hier](#).

#### NG HUGENOOT - MOEDERSDAGTEE:

	<b>SENIORBEDIENING (HERFSVREUGDE) VAN HUGENOOT GEMEENTE</b>
	<b>BIED 'N MOEDERSDAG-TEE AAN OP</b>
	<b>DATUM 7 MEI 2016</b>
	<b>TYD 10:00</b>
	<b>KOSTE R40.00 PP</b>
	<b>GASKUNSTENAAR URNUS HUMAN</b> Daar sal ook 'n aantal gelukstrekings en heerlike eetgoedjies wees! Kaartjies kan Elna by die kerkkantoor gedurende kantoorure gekoop word of by Noorderbloem.
<b>URNUS HUMAN</b> PLEK H/V NORMANDIE EN PICARDYSTRAAT BAYSWATER	<b>NB: Kaartjies moet asseblief getoon word by die deur!!!!</b>



5. **BYBEL-MEDIA NUUSBRIEF 7/2016:** Hierdie week se fokus is op goeie nuus, alle produkte is gratis. Lees meer oor die *apps* vir Liedboek; Boodskap vir Vandag én e-Kerkbode – klik [hier](#) vir al die inligting.

## 6. PREDIKANTE- EN BEROEPENUUS:

**Ds Vian du Plessis van NG Bloemfontein-Wes** is na die NG Gemeente Walvisbaai (Sinode Namibië) beroep. Hy **ontvang op Sondag 8 Mei 2016 demissie**. (*Ds Vian, ons bid vir julle die seën van die Here toe, mag dit met julle baie goed gaan in die nuwe omgewing*).

Die NG Gemeente Bloemfontein-Wes het vir **proponent Johan David as leraar (vastetermyn, 2jr kontrak) beroep**.

Die NG Gemeente Oranjeville het vir **ds J (Mossie) Mostert** van die NG Gemeente Rietbron (Sinode Oos-Kaap), **as leraar (vastetermynleraar, kontrak) beroep**, sy intrepreek vind op **Sondag 8 Mei 2016** plaas.

7. **VERJAARSDAE:** Baie geluk aan die leraars wat gedurende die komende week verjaar:

24 April:

**Ds Arno Kotze - BULTFONTEIN-OOS** - 051 853 1340, [kotze.ca@gmail.com](mailto:kotze.ca@gmail.com)


27 April:

**Dr Gideon Serfontein - VAALPARK** - 016 457 3027, 083 288 7555, [deonserfontein@gmail.com](mailto:deonserfontein@gmail.com)

**Ds Heinrich Gerber - THEUNISSEN-WES** - 057 733 0308, 082 337 0838, [heinrichgerber10@gmail.com](mailto:heinrichgerber10@gmail.com)

28 April:

**Ds Vian du Plessis - BLOEMFONTEIN-WES** - 079 877 0703, [viandup@gmail.com](mailto:viandup@gmail.com)



8. **TEN SLOTTE:** *Iets van wat ek elke dag beleef, ek hoop dit kan vir jou ook so wees...*



Groetnis.

## THEA BOSMAN

Samesteller/Redaksioneel: [kerkinfo@ngkvs.co.za](mailto:kerkinfo@ngkvs.co.za)

Kommunikasie - NG Kerk Vrystaat

Tel: 051 406 6719 Faks: 086 502 0821

**INDIEN JY OP VRYPOS WIL INTEKEN, KLIK [hier](#) (meld asseblief ook jou gemeente/dorp)**

**AS JY VRYPOS WIL KANSELLEER, KLIK [hier](#)**

Gee gerus vir ons terugvoer oor *Vrypos* by [kerkinfo@ngkvs.co.za](mailto:kerkinfo@ngkvs.co.za) – stuur ook enige nuusgebeure, inligting na hierdie adres.

VRYWARING / DISCLAIMER – Klik [hier](#)

## VBO WINTERWEEK 2016 – PROGRAM & REGISTRASIEBESONDERHEDE:

**VBO-WINTERWEEK 2016 – "Erediens as Estetiese Gebeure"**  
**5 – 7 JUNIE 2016**

**NED. GEREF. GEMEENTE HEUWELSIG – BLOEMFONTEIN**

**TOETREDE**

**5 Junie: Sondag**

15:00 Aankoms en Registrasie  
15:30 Opening en Verwelkoming – Gideon Lamprecht  
16:00 **Tema 1: Liturgiese Vertrekpunte** – Johan van der Merwe (Musiekleiers woon ook by)  
17:00 **Tema 2: Digitale kommunikasie gedurende die erediens** – Johan van der Merwe (Musiekleiers woon ook by)  
17:45 Bespreking: Tema 1 en 2  
18:00 **"Blended" Erediens** – Johan van der Merwe

**6 Junie: Maandag**

09:00 Opening – Jacques Louw  
09:30 **Tema 3: Erediens as eskatologiese en estetiese gebeure** – Rian Venter (Musiekleiers woon ook by)  
10:15 **Tema 4: Musiek as estetiese gebeure in erediens** – Elsabé Kloppers (Musiekleiers woon ook by)  
11:00 Koffie/Tee  
11:15 Bespreking: Tema 3 en 4  
12:00 **Tema 5: Skoonheid van die klag** – Cas Wepener  
12:45 Bespreking: Tema 5  
13:00 Middagete

**DIENS VAN DIE WOORD**

14:00 **Tema 6: Rol van kuns in en die kuns van prediking** – Cas Vos  
14:45 Bespreking: Tema 6  
15:00 **Tema 7: Meditatiewe diens as Estetiese aanbidding** – Breda Ludik  
15:45 Koffie/Tee

**SAKRAMENTE EN SIMBOLE**

16:00 **Tema 8: Sakrament as Estetiese moment** – M. Laubscher  
17:00 Bespreking: Tema 7 en 8  
18:00 **Meditatiewe Diens** – Breda Ludik

**7 Junie: Dinsdag**

09:00 Koffie/Tee  
09:30 Opening – Barnard Steyn  
10:00 **Tema 9: Argitektuur: Estetiese aanbiddingsruimtes** – Jan Petria Smit  
10:45 Koffie/Tee  
11:00 **Tema 10: Kuns van Bybellees en verstaan** – Francois Tolmie

**UITSENDING**

11:45 **Tema 11: Gebede: Die verbidbare God** – Cas Vos  
12:30 Bespreking: Tema 10 en 11  
13:00 Evaluering/Reflektering, VBO-punte en Afsluiting

Registrasie: SMS D59229 u naam en e-posadres na 31029

## [TERUG NA INHOUD](#)

### DIE NG KERK SE DEELNAME AAN PROTES:

Dr Gustav Claassen skryf verder:

*Deelname aan die prosesse, kom vir die NG Kerk nie gemaklik en sonder huiwering nie. Die NG Kerk vind nog sy voete en is nog nie heeltemal tuis in hierdie rol nie. Vir die NG Kerk is dit ietwat 'n nuwe terrein. Dat ons moet betrokke wees is 'n uitgemaakte saak. Die kerk is 'n gemeenskap van mense wat glo dat die wêreld in al sy fasette onderweg is na 'n eindtyd, dat die wêreld in 'n proses van herskepping is.*

*Waar daar dinge in die politieke lewe verkeerd loop, dit wil sê nie in ooreenstemming met die eise van die nuwe wêreld en die wet van die nuwe wêreld nie, is die kerk verplig om iets daaraan te doen. Die NG Kerk, as gevolg van die politieke rol wat hy in die verlede gespeel het, vra huiwerend haarself egter gedurig die vraag af of sy nie te gekontamineer is om 'n rol te speel nie. Om hierdie rede wil die moderatuur kollegas en lidmate verseker dat deelname aan hierdie gesprekke en verklarings met groot omsigtigheid gedoen word. Die moderatuur het met mekaar ooreengekom dat daar met integriteit*

deelgeneem sal word in 'n styl wat die evangelie eer aan doen. Dit moet geskied binne die raamwerk van die evangelie waarin ons glo en die tradisie waarin ons staan.

Een van die kosbaarste erfenisse van die Calvinisme is juis die tradisie van 'n Christelike lewens-en wêreldbeskouing. Dit wil sê 'n beskouing waarin daar nie 'n genadewêreld langs die natuurlike wêreld staan nie. Vir Calvyn bestaan daar nie twee aparte ryke, een vir Ceaser en een vir God nie. In die opsig het Calvyn die evangelie in sy kern raakgesien: 'n wêreld wat deursuur word met die evangelie om langs dié weg na sy bestemming van hernuwing gelei en gestuur te word.

Die NG Kerk is altyd 'n reformerende kerk, so bely ons tradisie. Dié belydenis moet nie eensydig verstaan asof dit net oor 'n reformasie in dogma gaan nie, dit gaan ook oor die leefwêreld die ortopraksie van elke dag. Die kerk moet waak dat die historiese anomalië, soos dat die kerk net welsynswerk mag doen, maar nie politieke werk nie en dualismes, kerk en wêreld, op die ou end vir ons 'n alibi word om dadeloos te word nie. Om reformerende kerk te wees, beteken om altyd besig te wees om die wêreld te hervorm. Dit het natuurlik allerhande uitdagings en angels maar dit moet nooit die kerk van sy profetiese stem roof nie.

Ook die feit dat ons nie 'n goeie rekord het ten opsigte van deelname in die politiek kan nie ons stem stom laat nie. Die NG Kerk se ekumeniese vennote herinner ons gedurig aan die belangrikheid van ons bydrae. Ekumeniese vennote het ook 'n verwagting dat die NG Kerk 'n belangrike rol sal speel. Dit gaan immers vir die kerk oor landspolitiiek en nie partypolitiiek nie. In kort, die NG Kerk neem deel want sy kan die samelewing nie prysgee nie. Die kerk behoort sekerlik deel te wees van die openbare gesprek, die openbare debat, die oplos van openbare konflikte, die vorming van 'n openbare mening, die voortgaande besinning oor gemeenskaplike waardes waarop gebou moet word, die gemeenskaplike doelwitte wat nagejaag moet word, die soort lewe wat Suid Afrikaners saam met mekaar wil leef.

Die moderatuur wil 'n beroep doen op lidmate om in hierdie tyd ernstig voorbidding te doen vir die situasie in die land. Bid asseblief dat die kerk met wysheid en integriteit sal optree sodat die Koninkryk ook deur al hierdie pogings kan kom. Lidmate en kollegas word gevra om saam te dink en te praat wat ons elkeen en die kerk te doen staan in 'n tyd van groot uitdagings.

## [TERUG NA INHOUD](#)

### **BYBEL-MEDIA NUUSBRIEF 7/2016:**

**Bybel-Media dien met verskeie gratis dienste:** Lees asseblief die inligting oor **gratis dienste** baie noukeurig – dit is goeie nuus vir elke lidmaat. Dit word alles moontlik gemaak deur bydraes van donateurs en die **spesiale kollektes** wat gemeentes opneem en vir Bybel-Media stuur. Baie dankie! In die tegnologiese era gebeur alles vinnig en dit moet byderhand wees - normaalweg is jou selfoon byderhand. Voortaan bied jôu kerk vir jou 'n uitgebreide gratis diens op jou selfoon:

- Boodskap vir Vandag (dagstukkies)
- Liedboek (sangbundel)
- Kerkbode (kerkkoerant)

Volg die instruksies by elkeen om dadelik toegang tot die dienste te kry.

**Boodskap vir Vandag** (dagstukkies): Dié app is gratis beskikbaar by *Google Play* en *Apple se App Store* en kan maklik opgespoor word deur vir die sleutelwoorde, "boodskap vir vandag" te soek. *Android 4.3 / 4.4* en *iOS 8.0* word vereis. Indien jy nie die app kan opspoor nie, dui dit normaalweg daarop dat die betrokke selfoon nie aan die minimum vereistes voldoen nie.

**Liedboek** (sangbundel):

- NG Kerk Liedboek met note (*Android tablette* en *Apple iPad*)
- NG Kerk Liedboek (*Android selfone, tablette* en *Apple iPhone- en iPad*)
- Gereformeerde Liedboek met note (*Android tablette* en *Apple iPad*)

Die app is gratis beskikbaar by *Google Play* en *Apple se App Store* en kan maklik opgespoor word deur vir die sleutelwoord "liedboek" te soek. *Android 4.3 / 4.4* en *iOS 8.0* word in elke geval vereis. Indien jy nie die app kan opspoor nie, dui dit normaalweg daarop dat die betrokke selfoon nie aan die minimum vereistes voldoen nie.

**e-Kerkbode** (kerkkoerant): Die gedrukte Kerkbode word aangevul deur die elektroniese e-Kerkbode wat kernnuus gratis by [www.kerkbode.co.za](http://www.kerkbode.co.za) beskikbaar stel. Teken nou in deur net jou e-posadres te verskaf, die jongste kernnuus kom dan in e-posformaat by jou uit. Bybel-Media werk intussen daaraan om 'n app vir die nuwe e-Kerkbode ([kerkbode.co.za](http://kerkbode.co.za)) beskikbaar te maak om toegang deur middel van tablette en selfone verder te vergemaklik.

**VERSOEK!** Alle gemeenteskribas word versoek om dié inligting 'n paar Sondae op die aankondiging/Sondagbulletin/webtuistes/Facebook te plaas.

Dit bly 'n voorreg om vennoot van elke gemeente te wees. Dankie vir julle **voorbidding**, julle ruim **finansiële ondersteuning** wat help dat dienste soos bogemelde volhoubaar aangebied kan word.

**Inligting, Navrae en Diensverskaffing:**

Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210

Of stuur jou bestelling per e-pos na: [bestel@bmedia.co.za](mailto:bestel@bmedia.co.za)

Of koop direk met jou kredietkaart op die webtuiste: [www.bybelmedia.org.za](http://www.bybelmedia.org.za)

**TERUG NA INHOUD**



---

*Lig in die duisternis, hier vir God, mekaar en die wêreld*